



Hoof se eerste dag

Toe die klok lui...stap ons nuwe hoof in.

Dinsdag, 8 April 2025, het ons skool vir die eerste keer ons nuwe Skoolhoof, mnr. Retief Smith verwelkom. Dit was 'n spesiale dag vol afwagting, nuuskierigheid en opgewondenheid.



Wat hierdie aanstelling selfs meer besonders maak, is dat Mnr. Smith se bande met Hoërskool Eldoraigne dekades terug strek. In 1987 het hy sy heel eerste proeftydperk as onderwyser-in-opleiding hier voltooi. Sy toewyding aan onderwys en die waardes van die skool was al in daardie tyd duidelik sigbaar. Die Beheerliggaam beskryf hom as 'n taakgedrewe persoon met 'n sterk waardestelsel, iets wat beslis 'n waardevolle toevoeging tot ons skoolgemeenskap gaan wees noudat hy amptelik in dié nuwe rol funksioneer.

Op sy eerste dag is Mnr. Smith verwelkom deur die Dagbestuur wat 'n erewag vir hom gevorm het toe hy deurstap na die Adminblok toe, net voor die kwartaallikse skoolopening waar hy die geleentheid gekry het om homself aan die skool bekend te stel. Daarna het al die graadleiers 'n plakkaat aan hom oorhandig om hom sterkte toe te wens met sy nuwe reis. Die leerders met behulp van juf. Simòne Grobler het dit goedgevind om die boodskappe aan geskiedkundige leiers te koppel, aangesien Mnr. Smith voorheen 'n Geskiedenis onderwyser was. Daardie aand is Mnr. Smith amptelik verwelkom by 'n erediens, waar hy ook die voorreg gegun is om homself aan die Eldo-ouers en gemeenskap voor te stel en 'n bietjie meer van homself te vertel.


Die personeel en leerders het positief gereageer op Mnr. Smith se eerste dag as hoof.

Een onderwyser het genoem dat hy 'n goeie invloed op die skool gaan hê, juis omdat hy oorneem in 'n tyd van stabiliteit en nou die fokus kan plaas op groei en verbetering. "Hy dink aan maniere hoe ons die skool kan verbeter," het sy gesê, "en dit is juis wat Eldoraigne nou nodig het." 'n Ander personeellid het gesê dat hy dit waardeer het dat Mnr. Smith nie eers wag vir probleme om op te duik nie, maar dat hy al klaar voorsiening maak vir wat die skool nodig het. Hy beskryf hom as iemand wat met insig van buite af gekom het, geluister het, en dadelik met planne vorendag gekom het.

Leerders het ook hul indrukke gedeel. 'n Senior leerder het gesê dat, alhoewel hy nog nie lank by die skool is nie, dit reeds duidelik is dat Mnr. Smith hardwerkend, gedrewe en regverdig is. "Hy sit daad by sy woorde," het die leerder gesê, en noem ook dat hy wysheid en lewenservaring uitstraal. 'n Graad 8-leerder het gesê dat dit vir haar spesiaal is om haar hoërskoolloopbaan met 'n nuwe skoolhoof te begin, en dat sy uitsien om te beleef hoe die Eldo's onder sy leiding gaan groei.


Dit is duidelik dat Mnr. Smith nie net hier is om 'n titel te dra nie, maar om 'n verskil te maak. Sy rustige teenwoordigheid, opregte woorde en liefde vir kinders het reeds 'n indruk op baie van ons gemaak. As leerders van Hoërskool Eldoraigne sien ons daarna uit om onder sy leiding te groei; nie net akademies nie, maar ook as mense. Ons verwelkom hom met oop arms, en glo dat hierdie nuwe hoofstuk iets besonders vir Hoërskool Eldoraigne gaan wees.

Geskryf deur Mpho Nemakhavhani
Ontwerp deur Marijke van Voorst



Eldo Einstein

Eldoraigne se Eldo Einstein: Waar Slimkoppe Skitter!



Hoërskool Eldoraigne se jaarlikse Eldo Einstein-kompetisie is 'n opwindende gebeurtenis wat algemene kennis vier en breinkrag behoorlik toets! Dié gewilde spangebaserde vasvra daag leerders uit om in groepe van vier saam te werk en vrae oor 'n wye reeks onderwerpe te beantwoord – van geskiedenis en wetenskap tot kultuur, sport en selfs populêre media.

Die kompetisie skep nie net 'n prettige en mededingende sfeer nie, maar moedig ook spanwerk, vinnige denke en kreatiewe probleemoplossing aan.

Eldo Einstein is meer as net 'n vasvra – dit is die viering van nuuskierigheid, leer en spanbou, en bewys dat kennis werklik mag is!

Geskryf deur Nicole Froneman



Wenners
Die Swartmambas

Vurige Debat!

Ons debatspanne het hierdie jaar by die Con Spirito-debatkompetisie behoorlik gewys waarvan Eldo-leerders gemaak is! Hulle moes vinnig op hul voete dink, blitsig reageer en elke argument met selfvertroue én skerp redenasie verdedig.

Drie spanne het ons skool verteenwoordig, en ons matriekspan het selfs deurgedring na die semi-finaal – 'n ongelooflike prestasie waarop ons baie trots is!

Die Matriekspan

Nelmie Mcleod
Marjike van Voorst



Senior span 1

Mpho Nemakhavhani (Gr. 11)
Kayla Watt (Gr. 10)



Senior span 2

Annemarie Agenbach (Gr. 11)
Dian Swart (Gr. 10)



Toneel week


Kreatiwiteit en Kultuur skitter tydens Hoërskool Eldoraïne se Interne Toneelfees

Hoërskool Eldoraïne het weereens gewys hoekom hulle bekend staan as 'n skool waar talent en kreatiwiteit blom. Die jaarlikse Interne Toneelfees het die gehoor se verwagtinge oortref met tonele wat diep, absurd, snaaks en selfs betowerend was. Die skool se leerders het hul slag as skrywers, regisseurs, en akteurs gewys in 'n fees wat vol energie, passie en vernuf was.



Die hoogtepunt van die aand was die aanwysing van die weners in verskeie kategorieë.

**Beste Professionele/Buitemuurse Toneelstuk:
"Wanneer Kraaie Krys"**



Beste Leerlingproduksie: “Ysbrekende Nuus”



Tweede Beste Leerlingproduksie: “Ek Wil Saam met die Voëls Swem en die Visse Vlieg”



Derde Beste Leerlingproduksie: “Girlcode”



Die 2025 Interne Toneelfees van Hoërskool Eldoraigne het nie net uitstekende vermaak gebied nie, maar ook 'n platform geskep waar jong kunstenaars hul stemme kon laat hoor. Van absurde satire tot simboliese verhaalvertelling – elke toneel het 'n unieke bydrae gelever tot 'n aand vol inspirasie. Hierdie fees herinner ons daaraan dat teater steeds 'n lewende kunsvorm is, vol potensiaal en passie – veral in die hande van ons jong generasie.

Geskryf deur Nicole Froneman

CLASSIC CLASH

Classic Clash 2025 — 'n Fees van gees, vasberadenheid en trots.

Vrydag, 16 Mei 2025, het die jaarlikse Classic Clash by Hoërskool Eldoraigne met energie en trots begin. Die pawiljoene het liedere, tromme en geesdriftige aanmoediging gelewer, terwyl leerders met ywer hul skool se kleure gedra het.

Vrydag was die astrobaan vol ondersteuners en oud Eldo's. Soos altyd het die geleentheid die skoolgemeenskap saamgesnoer.

HOKKIE:

Oorwinnings oor die hele linie

Die hokkiespanne het die sportnaweek op die astrobaan gespeel. Ten spyte van die koue weer het opgewonde ondersteuners hul spanne bygestaan.

Die eerstespan seuns het 'n uitstekende spel gelewer en met 3 – 0 gewen.

Die eerstespan dogters het hul wedstryd met 1 – 0 gewen as gevolg van uitstekende spanwerk en taktiese spel.

Die derdespan-dogters het ook hul teenstanders laat buig met 'n stewige 1-0 oorwinning.

Eldoraigne se voortdurende harde werk, dissipline en die ontwikkeling van sporttalent is die bron van hierdie prestasies.

NETBAL:

Spannende wedstryde

Op Saterdagoggend was die netbalbane vol aksie en spanning.

In die laaste minuut van die wedstryd is verskeie wedstryde beslis, en die tellings was dikwels met net een of twee punte geskei.

Eldo se netbaldogters het vasberadenheid en uithouvermoë getoon en hulle skool trots verteenwoordig, ten spyte van Zwartkop se sterk weerstand.

RUGBY

Die hartklop van die Classic Clash

Die hoofwedstryd van die Classic Clash was Eldoraigne se eerstespan teen Zwartkop, 'n eeue-oue teenstander. Mense het teen die middag na die rugbyveld gestroom vir die hoofwedstryd. Zwartkop het die wedstryd met 59 – 10 gewen, maar die Eldo-rugbyspelers het tot die laaste fluitjie met moed en eer op die veld gestaan. Elke aksie van die spel, van afskop tot skrum, is met passie uitgevoer. Honderde getroue ondersteuners het die manne geprys vir hul pogings, en hulle het beslis nie teruggestaan vir die uitdaging nie. Hierdie wedstryd het die idee gevestig dat nederlae dikwels net soveel krag gee as oorwinnings. Die seuns het hul skool met trots verteenwoordig, en hul trots as Eldo's het nooit gewankel nie.

Die Classic Clash is nie net 'n sportgeleentheid nie; dit is 'n viering van karakter, samehorigheid en skooltrots. Van die eerste fluit tot die laaste toejuiging was daar 'n gevoel van gees, respek en samehorigheid in die atmosfeer. Ons is trots om Eldo's te wees, ongeag die uitkoms, en dit is die ware aard van die Classic Clash.



Geskryf deur Alicia Groenewaldt



Ontwerp deur Lana Janse van Rensburg

ELDO OPEDAG!

GESKRYF DEUR ANÉ WOLFSWINKEL ONTWERP DEUR ROBIN VAN DER MERWE



Op 21 Mei om 16:03 het Hoërskool Eldoraïne se koudste opedag plaasgevind, maar dit het nie die opgewondenheid van die besoekers afgerem nie. Hoërskool Eldoraïne het 'n indrukwekkende opkoms van toekomstige leerlinge en hul ouers gehad, wat bymekaar gekom het om meer te leer oor die skool se akademiese programme en ekstra-kurrikulêre aktiwiteite.



Die lang rye wat voor die skool se ingang gevorm het, het getuig van die groot belangstelling in inskrywings. Die stalletjies het pragtig gelyk, elkeen versier met kleurvolle plakkate en aantreklike uitstallings wat die verskillende sportsoorte en vakke op 'n lewendige manier uitgebeeld het.



Die skoolhoof het die gehoor met sy inspirerende toespraak gefassineer. Hy het die skool se waardes, akademiese uitnemendheid en die verskeie geleenthede wat beskikbaar is vir leerders beklemtoon. Sy passie vir die skool en die leerlinge het 'n blywende indruk gelaat, wat die opedag 'n onvergeetlike ervaring gemaak het vir almal wat teenwoordig was.



Glans en Pret tydens Mnr. en Mej. Eldoraigue 2025

Hoërskool Eldoraigue het behoorlik geskitter tydens vanjaar se Mnr. en Mej. Eldoraigue-aand – 'n geleentheid vol styl, selfvertroue en talent! Die saal was gevul met opgewonde gesigte, flitsende kameras en 'n klomp trots ouers en vriende.

Deelnemers het gewys hulle het meer as net mooi gesigte – van elegante drag en talentvertonings tot selfversekerde antwoorde in die vrae rondte. Daar was selfs 'n paar verrassings en lekker lagmomente!



Die wenners van die aand was:

- **Mej. Eldoraigue: Kyla Rapardt**
- **Mnr. Eldoraigue: Matias Beetge**

Daar is ook pryse uitgedeel vir Mees Fotogenies, Persoonlikheid, en eerste, tweede en derde prins en prinses– want by Eldo's is daar plek vir elkeen se uniekheid. Dit was 'n aand van groot gees, styl en trots – en beslis een wat almal lank sal onthou!

ELDORAIGNE TWEEDESPAN HOKKIEFEES 2025:

'n Spel van uithou en deursettingsvermoë

Geskryf deur Alicia Groenewaldt



Baie geluk aan die volgende spanne en spelers wat as weners gekroon is by Eldoraigne Hokkie Tweedes Fees.

Dogters:

1. Die Hoërskool Menlopark

Mees waardevolle doelwagter: Leane Jansen v Rensburg

2. Afrikaanse Hoërskool Meisieskool Pretoria

Mees waardevolle speler: Zara vd Spuy

3. Hoërskool Waterkloof

Seuns:

1. Jeppe High School for Boys

Mees waardevolle speler: Sebastian Strechan

Mees waardevolle doelwagter: Daniel Quitata

2. St Alban's College

3. St John's College

Om spanwerk en samewerking te bevorder, is verskeie spanbou-aktiwiteite tydens die fees georganiseer. Hierdie aktiwiteite het nie net gehelp om die bande tussen spanlede te versterk nie, maar het ook 'n prettige en ontspanne atmosfeer geskep waarin spelers mekaar beter kon leer ken.

Die fees het 'n verskeidenheid kos- en drinkstalletjies aangebied om aan die behoeftes van spelers en toeskouers te voldoen. Hierdie stalletjies het 'n reeks lekkernye en verversings verskaf, wat bygedra het tot die feestelike atmosfeer van die geleentheid.

Die Eldoraigne Tweedespan Hokkiefes 2025 het weereens bewys waarom dit as 'n hoogtepunt op die skolehokkie-kalender beskou word, deur nie net kwaliteit hokkie te bied nie, maar ook 'n omvattende en genotvolle ervaring vir almal wat betrokke was.

Die vierde jaarlikse Eldoraigne Tweedespan Hokkiefes het van 28 tot 31 Maart 2025 by Hoërskool Eldoraigne plaasgevind. Hierdie toernooi, wat in 2022 begin is, het gegroei tot 'n gesogte geleentheid vir tweedespan hokkiespanne van regoor Gauteng en die noordelike streke van Suid-Afrika.

Volgens Chadwin Petersen, Direkteur van Hokkie by Hoërskool Eldoraigne, is die doel van die fees om 'n platform te bied vir spelers wat nie noodwendig in eerstespanne speel nie, maar steeds 'n hoë vlak van kompetisie en blootstelling verdien. Hy beklemtoon dat die fees daarop gemik is om sport en hokkie vir almal toeganklik te maak en om 'n elite-toernooi vir tweedespan spelers te skep wat dieselfde geesdrif en atmosfeer as groot toernooie bied.

Die 2025-fees het 36 spanne laat inskryf, insluitend prominente skole soos Jeppe High School for Boys, Hoërskool Garsfontein, Helpmekaar Kollege, St Alban's College, Die Hoërskool Menlopark en Afrikaanse Hoër Meisieskool. Wedstryde is op die skool se AstroTurf gespeel, en die kompetisie was intens.

Een van die unieke kenmerke van die fees is dat geen wedstryd in 'n gelykop uitslag eindig nie. Indien spanne gelykop speel, deel hulle die punte, maar daar is 'n ekstra punt op die spel in 'n drie-speler uitspeel ná die wedstryd. Hierdie formaat moedig spanne aan om tot die einde toe te kompeteer en bied 'n opwindende ervaring vir beide spelers en toeskouers. Die sukses van die Eldoraigne Tweedespan Hokkiefes onderstreep die groeiende belangstelling en deelname aan skolehokkie in Suid-Afrika. Dit bied 'n waardevolle geleentheid vir spelers aan om hul vaardighede te slyp en vir skole om hul sportprogramme verder te ontwikkel. Met voortdurende verbeterings en 'n toewyding aan uitnemendheid, is die fees besig om homself as 'n hoogtepunt op die skolehokkie-kalender te vestig.

Die Eldoraigne Tweedespan Hokkiefes 2025 het nie net op die veld vir opwinding gesorg nie, maar ook 'n reeks aktiwiteite en geriewe buite die speelveld aangebied om 'n omvattende ervaring vir spelers en toeskouers te verseker.

Die fees het intense wedstryde opgelewer, met spanne wat hul vaardighede en samewerking ten toon gestel het. Alhoewel spesifieke wedstrydverslae en uitslae nie in die beskikbare bronne vermeld word nie, is dit bekend dat die kompetisie sterk was. Baie geluk aan die volgende spanne en spelers wat as weners gekroon is by Eldoraigne Hokkie Tweedes Fees.

Ontwerp deur Robin van der Merwe



100 JAAR VAN AFRIKAANS

GESKRYF DEUR ROBIN VAN DER MERWE

Taal met n storie: 100 Jaar van Afrikaans

Wie sou kon raai dat 'n taal wat eers as “kombuistaal” afgemaak is, eendag die moedertaal van meer as 7 miljoen mense in Suid-Afrika sou word?

Dis vanjaar 100 jaar sedert Afrikaans amptelik as 'n taal erken is in die Suid-Afrikaanse parlement – en tog voel dit vandag méér lewendig as ooit. Van musiek tot memes, van drama tot debat – Afrikaans het sy plek in die harte van ons mense gevind.

Afrikaans het nie in 'n boek ontstaan nie – dit het in mense se huise, in markte, tussen vriende en families begin vorm aanneem. Oorspronklik 'n afleiding van Nederlands, met invloede van Khoi, Maleis, Portugees, Frans en selfs Arabies, het Afrikaans ontwikkel as 'n unieke mengsel van klanke, kultuur en mense.

Teen 1925 het dit erkenning gekry as een van Suid-Afrika se amptelike tale. En hoewel dit deur tye van onderdrukking en kontroversie is, het dit aanhou groei – en vandag word dit deur mense van verskillende agtergronde gepraat, gesing en geskryf.

Soos digter Antjie Krog sê:

“Afrikaans is die enigste taal in die wêreld wat jonk genoeg is om haar ouers te ken.”

Afrikaans is tans die derde mees gepraatste huistaal in Suid-Afrika, na Zulu en Xhosa. Afrikaans leef nie net op die tong nie, maar in hoe mense dit uitleef – in hul stories, musiek en drome. Dis 'n taal waarin jy kan baklei én braai. Ons sien dit oral: van toneelkompetisies, liedjieskryf, memes, gedigte, en radioprogramme. Dit is nie 'n taal wat in museums leef nie – dit leef in ons, elke dag.





By Hoerskool Eldoraigne is Afrikaans nie net 'n vak op jou rooster nie – dis deel van ons kultuur. Dit is in die temas van ons kultuuraande, die liedjies wat ons op ons sporttoere sing, en die tonele wat ons opvoer.

Afrikaanse onderrig gee ons toegang tot goeie taalvaardighede, kulturele nuanses, en selfs beter akademiese prestasie (want ja, verstaanbare taal = beter toetspunte).

Ons skool dra trots aan die taal – en dit gee ons 'n unieke identiteit in 'n diverse land. Soos Juffrou Joubert dit so mooi gestel het: “Sonder Afrikaans sou ons kommunikasie taamlik saai wees. Net 'n Afrikaanssprekende kan die woordspeling, humor en dubbele betekenis van ons woordeskat en sinne na behore geniet. Die meeste Afrikaanssprekendes gebruik Engels as selfverdediging - kom ons wees eerlik en erken dit.”



“Afrikaans, jou lekker ding!” Afrikaans laat ons lag, dink en verbind op maniere wat geen ander taal presies kan naboots nie. Dit is 'n taal waarin ons onself ten volle kan uitdruk – van grappies tot gevoelens. Dis geen wonder dat juf. Joubert sy ook se haar dogter in Nederland is eintlik snaaks en het 'n baie goeie sin vir humor, maar net in Afrikaans!

Afrikaans is nie net 'n “verlede taal” nie. Dis 'n lewende taal wat deur mense van alle kleure en kulture gepraat word. En hoe meer ons dit gebruik, hoe meer maak ons dit ons eie.

Bekende skrywer en joernalis Dana Snyman het eenkeer gesê: “Dis 'n reusefout om Afrikaans te sien as 'n taal van die verlede. Dis 'n taal van môre.” Afrikaans is nie perfek nie – geen taal is nie. Maar dis juis hoekom ons dit moet gebruik, vorm, herontdek en laat groei. Ons bepaal die toekoms van Afrikaans.

Nou hang dit van ons af. Die jeug. Afrikaans het 100 jaar se geskiedenis agter die rug – maar wat vorentoe gebeur, is ons verantwoordelikheid. Gebruik dit. Skryf dit. Praat dit. Daag dit uit. Leer dit aan iemand. Maak grappe daarin. Skryf jou gevoelens daarin. Want hoe meer ons dit lééf, hoe meer leef dit saam met ons.

Afrikaans is nie net iets wat ons praat nie – dis iets waarin ons voel. En dalk is dit juis hoekom dit nog steeds sin maak, 100 jaar later.



‘n Skouspel van Glorie

Geskryf en ontwerp deur Robin van der Merwe


HOËRSKOOL ELDORAIGNE VIER AFRIKAANS SE EEUFES IN STYL

Op Vrydagaand, 25 Julie 2025, is Hoërskool Eldoraigne se saal met lewe gevul deur klank, kleur en kultuur toe die skool hul eenmalige skouspel aangebied het ter viering van Afrikaans se 100-jarige bestaan. Die “one night show” was alles behalwe alledaags — dit was ‘n ware viering van talent, taal en tradisie, en het die gehoor betower van die begin tot die einde.

Onder die bekwame leiding van Juffrou Schaap en Mnr. Andy, het die aand ontvou as ‘n kuns meesterstuk wat nog lank in almal se geheue sal wees. Die verhoog is gevul met energie en passie soos soliste, koorlede, dansers en die skool se eie band saamgewerk het om ‘n produksie van ‘n hoë gehalte aan te bied. Elke element, van sang tot choreografie, was tot in die fynste besonderhede uitgewerk — ‘n ware toonbeeld van toewyding en liefde vir Afrikaans.



Kaartjies vir die geleentheid was lank voor die tyd uitverkoop, en die volgepakte saal het geborrel van opgewondenheid. Die skouspel het ‘n mengelmoeskardoes van emosie gebied — van vrolike laggies tot uitbundige vreugde, en selfs ‘n traan of twee van trots. Die gehoor het bestaan uit ouers, leerders, personeel en selfs skoolhoofde van omliggende skole — almal was eens: dit was ‘n briljante vertoning.



Die lof het ingestroom uit alle oorde. Ons eie skoolhoof het die aand as “‘n hoogtepunt van kultuur en samehorigheid” beskryf, terwyl ander personeel en besoekers die produksie as “absoluut stunning” geprys het.

Hierdie ongelooflike aand sou egter nie moontlik gewees het sonder die ruim borgskap van MC van der Berg Attorneys Inc nie, wat met trots hierdie spesiale geleentheid ondersteun het. Verder het Mnr. Casper en sy span van fotografe gesorg dat elke oomblik van die aand vasgevang is met pragtige foto’s wat die herinneringe nog lank sal laat leef.



Hierdie aand was nie net ‘n viering van die afgelope 100 jaar van Afrikaans nie, maar ook ‘n bewys van hoe lewendig en kreatief ons jongmense die taal uitleef. Eldo’s het gewys wat moontlik is wanneer talent, passie en trots hande vat — en dit was niks minder as magies nie.

